

koperkom met 'n aspidistra daarin op 'n palmstaander ("palm stand"), asook 'n teemus, 'n tafeldoek en antimakassars. Enige breekware, ornamente en 'n muurspieël sal baie welkom wees. Aan vloerbedekkings, byvoorbeeld linoleum, angora- en skaapvelletjies en 'n lappiesmatjie oftewel flentersaar (dit is 'n stuk sak waardeur veelkleurige lappies geryg is), bestaan daar 'n groot behoefte.

Slaapkamer-items, naamlik 'n lampetbekerstel met seepbakkies, kussings, bulsak, deken, lappieskombers en 'n hoededoos is noodsaaklik. Vir die vrou van die huis benodig ons 'n mooimakkstelletjie met kam, borsel, poeierdosie en dies meer. Musiekinstrumente soos 'n kitaar en konsertina, asook kaslappies, murtekste, kieries en sambrelę kan ook goed gebruik word.

Het iemand miskien nog 'n naaldwerkmandjie met lap- en stopgereedskap, 'n stopkalbas en 'n bakpoeierbliek vol knope? Ons wil dit graag plaas by 'n outydse rystoel, wat ons ook nog nie het nie! Brei- en hekeltoerusting sal ook welkom wees, sowel as dames-, mans- en kinderklerke, hoede en skoene ingesluit.

Winkelitems, soos die lekkergoedbottels waarin vrypepermente (oftewel skryf-pepermente), "drop" en "sugar sticks" gebêre was, 'n kasregister en blikke, dose en enige van die ander duisende artikels wat in 'n algemene handelaar se winkel aangetref is, sal mee help om die straatoneel werklik lewend te maak. Ons is ook dringend op soek na 'n outydse weegskaal, van dié soort wat op die winkelstoep gehou was en vir 'n pennie jou gewig (vandag se "massa") en sommer jou fortuin vir jou vertel het. Ander items wat op 'n winkelstoep uitgepak was, byvoorbeeld driepootpotte, velskoene, blikemmers, swepe, rieme, kettings, stroppe, saals, tuie en slagysters, sal baie welkom wees.

Ten laaste soek ons ook straatnaamborde en van die outydse advertensieborde van emalje, soos dié waarop Mazawattee Tee en Sulight Seep bekend gestel is.

Sonder die hulp en ondersteuning van ons vriendelike publiek kan die Museum nie ons geschiedenis vir ons kinders en kindskinders lewend hou nie. As u dus enigiets het wat die Museum moontlik kan gebruik, stuur 'n poskaart (Posbus 266, Bloemfontein, 9300) of bel ons (tel. nr. 79609) en ons sal u kom besoek.

J.J. Oberholzer
(Direkteur)



OLD SKETCHES DISCOVERED

To call somebody an old sketch is usually at least a little derogatory, but the



Above: "Kampvrou" by W.H. Coetzer.

Above: The charcoal drawing from Shrewsbury, England. The newspaper clipping at the bottom reads: "Pres. Steyn at Breakfast with Mr Abraham Fischer." The boy in the centre is Colin Steyn, father of Mr Justice M.T. Steyn, now Administrator General of South West Africa. This photograph was taken by Lund in 1900.

National Museum recently acquired two old sketches of great value - it would be a compliment to be compared to any of them!

The first drawing (left) is called "Kampvrou" and was made by W.H. Coetzer in 1948. It was found among notes by the late Miss Trudie Kestell, in life honorary curator of the historical costumes in the Museum.

The second of the two drawings was discovered on the ceiling of a house in Shrewsbury, England, during 1977 and recently donated to the Museum. It was found by Mr Geoffrey Smith when he helped his daughter to move into the house. The drawing was made by an unknown artist, T.S.C. Crowther. There is a copy of the photograph on which the drawing was based in the War Museum of the Boer Republics in Bloemfontein. The photograph was taken by a man called Lund, who was active on the Natal Front during the Anglo Boer War. The particular photograph was taken early in 1900, when President Steyn and Mr Abraham Fischer inspected the eastern front.